# WANNEER DIE WÊRELD DEURMEKAAR RAAK

## ‘n Onseker wêreld

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 3 Augustus 2025

**Wanneer die Wêreld Deurmekaar raak**

**’n Onseker Wêreld**

Verlede week het ons 'n reis begin deur 'n tema wat ons almal op een of ander manier raak: die gevoel dat die deumekaar wêreld om ons onveilig is. Vandag voltooi ons daardie reis en kyk na die gevoel van onsekerheid in hierdie deurmekaar wêreld.

**Wanneer Planne Wankel**

Ons is, as mense, wesens wat planne maak. Ons hou van orde, van voorspelbaarheid. Ons het 'n kalender op ons foon, doenlysies, ’n inkopielysies, kuierbeplanning, loopbaanbeplanning, 'n droom vir ons kinders se toekoms, aftreebeplanning.

Ons bou ons lewens op die aanname dat môre min of meer soos vandag sal wees, net met 'n bietjie meer vordering. Ons leef met 'n onuitgesproke geloof in die wet van oorsaak en gevolg: as ek hard werk, sal ek sukses behaal; as ek goed leef, sal goeie dinge met my gebeur. Ek bou my klein koninkryk van sekerheid op die fondasie van my eie beplanning en verwagting. Ons is almal, in wese, ‘control freaks’, beheer-entoesiaste, in 'n wêreld wat weier om ten volle beheer te word.

En dan… gebeur die lewe in ’n wêreld waar jou motors pap wiele en pap batterye kry, selfone wegraak, kinders siek word voor hokkieproewe, paspoorte wegraak die dag voor jy oorsee gaan….

Hierdie frustrrende verrassings, herinner ons dat volkome beheer en sekerheid oor ons lewens is ’n illusie. Ons is nie so magtig as wat ons dink nie…

Maar die lewe kan ons planne ook op 'n veel groter skaal laat wankel. Skielike afdankings. Eiendomsmarkte wat in duie stort. Skielike groot mediese uitgawes. Egskeiding. Tye waar die wankeling van ons sekerhede nie net 'n frustrasie is nie, maar 'n trauma. Wanneer die grond onder ons voete letterlik voel asof dit meegee.

En dan, bo-oor dit alles, is daar die groot, globale onsekerhede. Oorlog in die Midde-Ooste wat dreig om oor te spoel. 'n Voortslepende, brutale konflik in die Oekraïne. Moslem-fundamentalistiese groepe wat mense, en veral Christene, martel en vermoor, al hoe meer oor Afrika en tot op ons grense, met selle selfs in ons eie land. Politieke onstabiliteit. Die misdaadkrisis wat al nader aan ons eie voorstoep kom. Ons leef met 'n lae-graadse, konstante onsekerheid en angs, soos die gedreun van 'n yskas in die agtergrond, wat jy nie altyd bewustelik hoor nie, maar wat jou senuweestelsel nietemin beïnvloed. Soos passasiers op 'n skip in die stormsee wat nie seker is wie is aan die stuur van die skip nie…

Die kernvraag vir ons vanoggend is dit: Hoe leef jy met geloof in só 'n onseker wêreld? Nie 'n naïewe, kop-in-

die-sand geloof nie, of ’n onegte triomfantistisme, plastiek voorgee-sekerheid nie, maar 'n egte, eerlike geloof wat die onvoorspelbaarheid en onsekerheid in die oë kyk en steeds bly staan. Hoe kan ons vrede vind in onsekerheid, vrede wanneer ons planne wankel?

Ons neem Paulus in hierdie twee weke as voorbeeld. Ons dink aan...

**Paulus se Planne: 'n Gevallestudie in Geloof**

Soms dink ’n mens jou stryd is uniek, maar as ons kyk na die apostel Paulus, sien ons, sy lewe was ’n lewe van groot planne, maar ook groot onsekerheid en onderbreking van sy planne. Die Skrif noem drie hoofbronne van hierdie ontwriggings in sy lewe, en dit is dieselfde drie bronne wat ons ook ervaar.

- **Paulus is ontwrig deur die Vyand.**

Kyk wat skryf hy in...

**1 Tessalonisense 2:17–18**

Maar aangesien ons, broers, ‘n kort rukkie van julle geskei is — in persoon maar nie in hart nie — het ons des te meer ons uitgespan om julle gesig tot gesig te sien... Want ek, Paulus, het dikwels die plan gemaak om na julle toe te kom, maar die Satan het ons verhinder.

Paulus het 'n Goddelike begeerte gehad, maar hy identifiseer 'n spesifieke, donker geestelike teenstand. Dit is 'n ongemaklike waarheid vir ons moderne ore. Ons verkies om te praat van slegte geluk, swak tydsberekening, toeval, ’n ongunstige verloop van omstandighede, menslike teenstand. Maar Paulus dring daarop aan dat daar 'n persoonlike, donker, geestelike dimensie aan ons stryd is.

...maar die Satan het ons verhinder...

Die woord "verhinder" is 'n goeie vertaling, maar die Griekse beeld is baie meer gewelddadig en spesifiek.

**verhinder:** ἐνέκοψεν (enekopsen) - "om in te kap" of "'n pad op te breek” - 'n militêre term wat gebruik is om te beskryf hoe 'n leër 'n pad vernietig deur slote te grawe of bome af te kap om die vyand se opmars te stuit

Dit verander die beeld van 'n eenvoudige "struikelblok" na 'n aktiewe, doelbewuste daad van "sabotasie". Paulus praat van ’n donker ontwrigting, die realiteit dat die teenstand wat ons ervaar, dikwels 'n ingrypende, doelbewuste, bose poging is om ons pad, ons toekoms te vernietig en ons lewe totaal te ontwrig. Ontwrigting deur ’n bose vyand...

- **Paulus is ontwrig deur die Heilige Gees.**

Kyk na die verstommende verslag in...

**Handelinge 16:6**

En nadat hulle deur die landstreek van Frigië en Galasië gegaan het, het die Heilige Gees hulle verhinder om die woord in Asië te spreek.

Hoe moes dit gevoel het? Om met passie en deeglike beplanning, en baie onkostes en ontbering op pad te wees om die evangelie te verkondig, net om 'n innerlike "nee" van God self te hoor. Dit leer ons die moeilike les dat ons beste intensies steeds ondergeskik moet wees aan God se soewereine, en soms misterieuse, onverklaarbare, leiding.

...ontwrigting deur die Heilige Gees...

- **Paulus is ontwrig deur die Lewe.**

Hy sê in...

**Romeine 1:13**

Broers, ek wil hê julle moet weet dat, **hoewel ek tot nog toe verhinder is**, ek my dikwels voorgeneem het om julle te besoek om ook by julle... mense vir Christus te wen.

"Verhinder is"—deur wat? Siekte? Storms op see? Politieke onrus? Hy spesifiseer nie, dis bloot die algemene, onvoorspelbare gang van die lewe in 'n gebroke wêreld.

Die duiwel, die Here, en die lewe self het Paulus se planne voortdurend verhinder.

**Twee Perspektiewe en Twee Ankers**

**Twee Onontbeerlike Bybelse Perspektiewe**

Wat is die antwoord op hierdie konstante onsekerheid? Is dit bloot om beter, meer deegliker planne te maak? Om harder te probeer? Nee. Die Skrif bied vir ons 'n tweeledige perspektief wat ons in staat stel om te midde van die onsekerheid en ontwrigting te bly staan. Dit is nie 'n eenvoudige antwoord nie, maar 'n dinamiese spanning wat ons moet aanleer.

- **In jou onsekerheid kan jy stywer vashou aan God se soewereine Hand.**

Wanneer jou greep op sekerheid verswak, kan jy jou greep op God se hand versterk. Dit is die kern van ware wysheid. Lank voor Paulus het die wysheidsleraars van die Ou Testament al met hierdie selfde spanning van onsekerheid in n deurmekaar wêreld geworstel. Die boek Spreuke, in besonder, spreek hierdie realiteit direk aan. Ons lees in...

**Spreuke 16:9**

Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die HERE rig sy voetstappe.

Hierdie vers is 'n meesterstuk van teologiese spanning. Dit sê nie "moenie beplan nie". Dit neem aan dat jy sal beplan! "Die hart van die mens dink sy weg uit"—dit is ons verantwoordelikheid. Maar nadat ons alles gedoen het, nadat ons die kaart geteken het, lê die finale gesag oor die reis nie by ons nie. "...maar die HERE rig sy voetstappe."

Hierdie gedagte word weer en weer herhaal, byvoorbeeld in...

**Spreuke 19:21**

Baie is die planne in die hart van 'n man, maar die raad van die HERE, dié sal standhou.

Wat is ons reaksie dan op hierdie oorweldigende waarheid? Moet ons tou opgooi en passief raak? Nee. Die Bybel roep ons op tot 'n reaksie van aktiewe, persoonlike vertroue.

Die Psalms gee vir ons die taal vir hierdie vertroue. Koning Dawid, 'n man wie se lewe 'n epiese verhaal van wankelende planne was, skryf in...

**Psalm 31:14-15a**

Maar ek, op U vertrou ek, o HERE! Ek sê: U is my God! **My tye is in u hand**.

Dink aan die konteks. Dawid word omring deur vyande, sy vriende het hom verlaat hom, hy is 'n voorwerp van spot. Sy lewensplanne lê in puin. En wat is sy gevolgtrekking? "My tye is in u hand." Die goeie tye en die slegte tye. Die tye van sekerheid en die tye van verwarring. Alles. My tye is nie in die hand van die ekonomie, of die politici, of my vyande, of selfs my eie beplanning nie. Selfs tye wanneer dinge met my gebeur wat buite God se wil is, kan ek my aan Hom toevertrou en glo dat Hy my sal lei. My tye is in die hand van 'n soewereine, liefdevolle God.

Dis dan die eerste onontbeerlike Bybelse aspek van ’n gelowige perspektief:

- In jou onsekerheid kan jy stywer vashou aan God se soewereine Hand. Die tweede is...
- **In jou onsekerheid moet jy ligter vashou aan hierdie lewe se verbygaande dinge.**

Hierdie tweede aspek van ’n gelowige perspektief in ’n onseker wêreld, word moontlik gemaak deur die eerste. Juis omdat ons stywer aan God vashou, kan ons die dinge van hierdie wêreld ligter vashou. Dit is nie 'n oproep tot asketisme of gevoelloosheid nie, maar tot 'n radikale herbeskouing van ons liefdes en ons lojaliteite. Dit is wat Paulus bedoel in...

**1 Korintiërs 7:29–31**

Maar dit sê ek, broeders, die tyd is kort. Laat hulle wat vrouens het wees asof hulle nie het nie, en hulle wat huil asof hulle nie huil nie, hulle wat bly is asof hulle nie bly is nie, hulle wat koop asof hulle nie besit nie, hulle wat die wêreld gebruik asof hulle dit nie ten volle gebruik nie; want die wêreld in sy huidige vorm gaan verby.

**“die tyd is kort”** - ὁ καιρὸς συνεσταλμένος ἐστίν (ho kairos synestalmenos estin).

In Grieks is daar twee hoofwoorde vir tyd: chronos (chronologiese, verbygaande tyd – ons woord "chronometer") en kairos, wat Paulus gebruik...

"die **tyd**” - ὁ **καιρὸς**: die regte oomblik, die beslissende seisoen, die vasgestelde tyd, strategiese tyd, afspraaktyd.

Hy sê nie net dat die horlosie se tyd min raak nie; hy sê jy moet die aard van die tyd verstaan: elke oomblik is belangrik, het betekenis, jy leef in 'n Goddelik-aangestelde seisoen en is besig om tot 'n klimaks te kom. Moenie jou afsprake misloop nie. Moenie jou één kans weggooi nie. Maak seker jou aandag en jou chronos-tyd word gegee aan die regte sake. Jy leef in prioriteit-tyd.

**"is kort" -** συνεσταλμένος ἐστίν (synestalmenos estin): 'n saamgeperste tyd, 'n spesifieke verbygaande era.

Paulus se oproep tot 'n ander lewenshouding is nie gebaseer op 'n algemene gevoel dat die lewe kort is nie, maar op die teologiese oortuiging dat ons in 'n spesiale, "saamgeperste" tyd leef tussen Christus se eerste en tweede koms. Ons leef in die kort afspraak, in die tyd wat die ewigheid sal bepaal, die verbygaande kans, die een geleentheid om in hierdie lewe te leef asof ons op pad is na 'n ewige bestemming, 'n beloning, 'n werklikheid groter as enige iets hier...

Paulus sê ons moet alles in hierdie lewe, "die wêreld in sy huidige vorm," met 'n oop hand vashou. ..."die wêreld in sy huidige **vorm,**" weer gebruik hy 'n fassinerende Griekse woord vir "vorm"...

**schēma** - vorm: die uiterlike, verbygaande, tydelike rangskikking van dinge, soos die dekor op 'n verhoog.

Die huidige schēma, die huidige opstelling van hierdie wêreld, met sy politieke sisteme, sy ekonomieë, sy kulturele modes, selfs sy natuurwette soos ons dit ken—dit alles, sê Paulus, is net soos tydelike dekor, môre word dit opgeslaan, hierdie toneelstuk gaan verby.

C.S. Lewis, het hierdie beginsel so mooi verduidelik. Hy sê:

"Imagine yourself as a living house. God comes in to rebuild that house. At first, perhaps, you can understand what He is doing... But presently He starts knocking the house about in a way that hurts abominably and does not seem to make any sense. What on earth is He up to? The explanation is that He is building a far different house from the one you thought of... You thought you were being made into a decent little cottage: but He is building a palace." (C.S. Lewis)

Die onsekerhede, die onderbrekings, teleurstellings—dit is hier waar jy God kan toelaat om aan sy paleis te bou.

Lewis raak aan die kern waaroor jou lewe gaan, om God toe te laat om jou te vorm.

Dallas Willard sê dit só:

"The most important thing in your life is not what you do [or get]; it's who you become. That's what you will take into eternity." (Dallas Willard)

Die rede waarom God ons voetstappe rig, is nie om ons te frustreer nie. Dit is om ons te vorm. Wanneer ons planne wankel, in ons onsekerheid, kan ons onsself oorgee aan God sodat sy beitel aan ons kan timmer in die werkswinkel die siel.

## Sielkundige en Bybelse Ankers in die Onseker Wêreld

Hoe doen ons dit prakties? Hier loop die antieke wysheid van die Skrif en moderne sielkundige insigte merkwaardig parallel. Sielkundiges weet dat mense dikwels vasval in óf die skuld of wonde van die verlede (wat lei tot depressie), óf die vrees vir die toekoms (wat lei tot angs). God se Woord gee vir ons 'n goddelike strategie wat presies hierdie probleem aanspreek. Dit gee vir ons ankers. Die groot beginsel is dit:

**Stewige ankers in DIE VERLEDE en DIE TOEKOMS, rus jou toe om die onsekerheid van DIE HEDE te hanteer.**

- **Die Eerste Anker: In ’n Onseker Wêreld Kyk ons Aanhoudend Terug na ’n Onherroeplike, Afgehandelde Sekerheid.**

So baie van ons word gedefinieer deur selfverwyt oor ons foute en skandes, en ook deur selftwyfel weens die wonde in ons verlede. Ons verwerp in ’n sin onsself omdat ons skaam is vir wie ons is, en kwaad, as gevolg van wat ons, of ander mense, gedoen het.

Henri Nouwen skryf:

"The greatest trap in our life is not success, popularity or power, but self-rejection.” (Henri Nouwen)

Hierdie selfverwerping word byna altyd gevoed deur die stemme van ons verlede.

Dít is presies waar die evangelie ingryp. Die kruis van Jesus is God se finale antwoord op ons selfverwerping. Dit herskryf ons verlede. Jou sonde, en ook jou wonde, is nie meer die finale woord oor wie jy is nie; sy vergifnis, en sy genadige heelmaking is.

Om terug aanhoudend te kyk is ’n anker, bring weer en weer sekerheid. En wat kan jou help om terug te kyk? Die objektiewe waarheid van God se openbaring. God se Woord. Daar kom jy in aanraking met die anker van afgehandele, onveranderlike, ewige inligting, en nie net inligting nie, maar instaatsellende, bekragtigende waarheid wat jou help in onsekerheid.

Ons leef in 'n tyd wat die hede verhef, verabsoluteer en vergoddelik. G.K. Chesterton het hierdie moderne arrogansie uitgedaag. Hy het gesê:

"Tradition means giving votes to the most obscure of all classes, our ancestors. It is the democracy of the dead. Tradition refuses to submit to the small and arrogant oligarchy [oorheersing oor ’n meerderheid deur ’n minderheid, deur ’n klein groep] of those who merely happen to be walking about.” (G.K. Chesterton)

Die Bybel is ons "democracy of the dead." Oor die groot vrae van die lewe het die stemme van die verlede groter gesag as die stemme van die hede. Ons anker ons geloof nie in die wisselvallige opinies van vandag nie, maar in die onwrikbare, afgehandelde getuienis van die verlede.

Dit is waar Paulus sy krag kry. Hy skryf in...

**2 Timoteus 1:10-12:**

Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie,

11waarvoor ek aangestel is as prediker en apostel en leraar van die heidene.

12Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, **want ek weet in wie ek geglo het...**

Hy het 'n anker in die verlede: 'n persoonlike verhouding geanker in historiese, afgehandelde feite.

- **Die Tweede Anker: In 'n Onseker Wêreld Kyk ons Aanhoudend Vorentoe na wat Absoluut Seker is.**

Met een anker stewig in die verlede, gooi ons 'n tweede anker vorentoe, in die gewaarborgde, beloofde toekoms in. Maar ons moet duidelik wees oor wat die Christelike hoop is. Dit is nie blote optimisme nie.

Timothy Keller het die aard van hierdie hoop perfek opgesom:

"The gospel is not a command to be happy, but a promise that someday you will be. It is not a command to be whole, but a promise that someday you will be... The gospel is a promise that you will be redeemed." (Timothy Keller)

Hierdie belofte is ons toekoms-anker. Dit bevry ons van die druk om voor te gee alles is reg wanneer dit nie is nie. Dit is presies hoe Jesus geleef het: Altyd geanker in die verlede: "Ek weet Wie My gestuur het, waarvandaaan Ek kom..." En ook geanker in die toekoms: "Ek gaan om vir julle plek voor te berei, Ek sal weer kom om julle te haal..."

Sy anker in die toekoms het Hom in staat gestel om selfs die pyn van die kruis te hanteer. Die skrywer aan die Hebreërs gee vir ons hierdie model in...

**Hebreërs 12:1–2**

...die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verduur het...

Omdat Hy vorentoe gekyk het na die beloofde vreugde, kon Hy die pyn van die hede hanteer.

Kom ons lees weer wat Paulus sê oor sy ankers....

**2 Timoteus 1:12**

Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, **want ek weet in wie ek geglo het...** en ek is oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, te bewaar **tot op daardie dag.**"

Jou toekoms as gelowige is nie 'n vraagteken nie. Dit is "daardie Dag."

Ek lees in die week van Walt Disney, hoe hy 'n ontwrigtende teleurstelling beleef het. Lank voordat hy 'n wêreldwye naam was, was sy hoop op 'n animasie-karakter genaamd "Oswald the Lucky Rabbit." Hy het gedink dit was sy pad na sukses. Maar in 'n onderhandeling in 1928 ontdek hy dat sy verspreider agter sy

rug sy animeerders afgerokkel het en die wettige regte op Oswald verkry het. In een oomblik het Disney alles verloor—sy ster-karakter, sy span, sy toekomsplan: 'n katastrofiese ontwrigting. Op die lang, eensame treinrit terug huis toe, terwyl hy geworstel het met die puin van sy drome, het hy begin skets. Uit daardie oomblik van absolute onsekerheid en wanhoop is 'n nuwe idee gebore: 'n klein muis, wat hy Mickey Mouse sou noem. Die verlies van Oswald the Lucky Rabbit was nie die einde nie; dit was die onverwagse, pynlike geboorte van iets veel groter en meer blywend as wat hy ooit kon droom. Die ontwrigting van sy plan het die deur oopgemaak vir 'n veel groter plan.

Dalk wroeg jy nou met 'n "Oswald the Lucky Rabbit" teleurstelling. Hou vas. Mickey Mouse wag in jou potlood. Jy moet hom nog net teken...

Twee ankers, die verlede en die toekoms maak jou...

- **Toegerus vir die Hede: Leef Nou in Sy Daaglikse Genade**

Met die twee ankers stewig in plek, word ons vry om in die hede te leef. C.S. Lewis, in The Screwtape Letters, laat die demoon Screwtape verduidelik hoekom God wil hê ons moet in die hede leef. Hy skryf:

"The Future is of all things the most nearly imaginary... The Present is the point at which time touches eternity."(C.S. Lewis)

Die hede is die punt van kontak met die werklikheid, die punt waar die ewige God ons ontmoet. Dit is die enigste plek waar ons werklik keuses kan maak, genade kan ontvang, en liefde kan betoon. As jy geanker is in gister en môre, dan is jy gereed vir Jesus se bevrydende opdrag vir vandag:

Moet jou dus nie oor môre bekommer nie, want môre sal vir homself sorg. Elke dag het genoeg aan sy eie moeilikheid. (Matteus 6:34)

Dit is God se geskenk aan jou: Jy kan glo in die genade wat vir vandag beskikbaar is, want vir jou skuld en wonde van gister is voorsiening gemaak: vergifnis en heelword, en ook vir jou angste en vrese vir môre is betaal, jy kan hoop hê in 'n onseker wêreld.

Daarom hoef jy nie te probeer om jou lewe se sekerheid te bou op die dryfsand van die hede nie. Hierdie wêreld is en sal onseker bly.

Ons gooi elke dag ankers uit...

Die eerste anker diep in die verlede: die onwrikbare rots van Golgota, die leë graf, en die betroubare Woord van God. My verlede is veilig in Sy hande.

Die tweede anker ver in die toekoms: die sekerheid van die belofte van Christus se wederkoms en jou ewige toekoms by Hom.

En met daardie ankers stewig vas, sal jy die vryheid, die vrede en die krag vind om, hier in die hede, die punt waar tyd aan die ewigheid raak, deur die mees onsekere tye van jou lewe te kan bly staan, bly hoop, bly glo, bly groei, bly LEWE...

Kom ons maak ons wese nou, met die nagmaal, vas aan altwee hierdie ankers…

Hoor wat sê Paulus:

**1 Korinthiërs 11:24–26**

…nadat Hy gedank het, het Hy die brood gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit **tot my gedagtenis**.

Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, **tot my gedagtenis**.

Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here **totdat Hy kom**.